WAAROM, HERE?

RSG Paasdrama 2022

RADIOTEATER

deur

JOEY VAN NIEKERK

RSG Nuus: *Die Paasdrama, Waarom Here, deur Joey van Niekerk, is 'n opdragwerk vir Goeie Vrydag. Dit is Van Niekerk se 20ste geleentheidsdrama vir of Paasfees of Kersfees. Waarom Here? Is die verhaal van Saggeus, die gestremde tollenaar wat met Jesus kennis gemaak het tydens die Paasfees, kort voor die kruisiging. Sy opstandigheid oor sy gebrek, sy latere voorspoed as ryk tollenaar, en uiteindelik sy insig en aanvaarding word in die verhaal uitgebeeld. Die rol van Saggeus word vertolk deur Luan Jacobs, met Jakkie Groenewald as sy Pa, Jabin; Estel de Beer as sy vrou Karia en Johny Klein as Nikodemus.*

Die regie is behartig deur Ina Strydom. Waarom Here, is op Goeie Vrydag, 15 April 2022 om 14:00 uitgesaai. (Bron: https://www.rsgplus.org/luister-vrydag-na-ons-paasdrama-waarom-here/)

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar
dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

Kopiereg: Joey van Niekerk Knysnalaan 299, Sinoville, Pretoria. 0182.

Tel. (012) 567-2102; 072 7557523 (s) of 082 5300815 (s)

E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar
dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

WAAROM, HERE?

‘N PAASSPEL

deur

Joey van Niekerk

ROLVERDELING:

1 Jabin:	‘n Skaapwagter in die Betlehemsvelde. 36 jaar oud. Later in drama: 52 jaar oud.
2 Zakkai:	Jabin se intelligente seun. 15 jaar oud. Ongelukkig, opstandig en vol verset, met baie vrae oor God, sy omstandighede, sy klein liggaampie met gebreke en die hele verrotte samelewing met die wrede, korrupte Herodes-dinastie aan bewind in Israel.
3 Saggeus:	Zakkai as volwassene, maar later as tollenaar met ‘n Griekse naam, Saggeus. Ongeveer 34 jaar oud.
4 Karia:	Saggeus se vrou. ‘n Slavin wat deur Saggeus gekoop is, vrygestel is en met wie hy later getroud is.
5 Nikodémus:	Skrifgeleerde, Fariseër, owerste van die Jode en lid van die Sanhedrin, waar hy Jesus se saak bepleit het. (Jh. 7:50-52) Aanvanklik ‘n geheime dissipel van Jesus. Het noue kontak met Jabin, want Jabin pas sy skape op. Hy en Josef van Arimatea het Jesus begrawe.
6. Kajafas:	Die hoëpriester toe Jesus gekruisig is. Praat baie min.

Kopiereg van teks: J.G van Niekerk

Uitsaairegte: RSG.

Selfoon: 066 065 5442. E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za

Ten geleide

Hierdie radiodrama sal moeilik deur amateurgroepe vir die verhoog verwerk en opgevoer kan word. Daar is te veel kort toneeltjies wat mekaar snel opvolg met baie dekorwisseling en moeilike agtergrondstonele.

Daarom word aanbeveel dat dit as leesteater aangebied word, of dat dit soos in leeskringe voor die tyd deur almal gelees word en dan saam bespreek word. So is dit baie interessant en bruikbaar vir kleingroepe, literatuur- en dramastudente, Bybelstudiekringe, of enige individu of selgroep wat daarin sal wil delf. Dit sal almal wat dit op dié manier gebruik, help om die fyn nuanses, simboliek, agtergrond en boodskap van die drama beter te begryp.

Die bede is dat die lees en ‘n studie daarvan vir u tot seën sal wees.

Die skryfster.

BYK. **‘n Nagtoneel. Naggeluide soos jakkals in verte, kriekies, paddas, ens. ‘n Veldvuurtjie wat knetter.**

1. JABIN: Ai, Zakkai. Wat ‘n lieflike nag! Kyk hoe heerlik brand hierdie vuurtjie vanaand. Ruik die geur van die veld. Kyk hoe rustig slaap ons skape. En hoor net daardie jakkals.

2. ZAKKAI: (BROM) Hy huil vanaand baie ver.

3. JABIN: (SUG GENOEGLIK) Wat ‘n voorreg om in die Betlehemsvelde ‘n herder van skape te kan wees – soos Koning Dawid ook eens was.

4. ZAKKAI: (BROM ONDERLANGS.) Ook al wat ‘n skaapwagter het om op te kan roem.

5. JABIN: (ONTSTELD) Het ek jou reg gehoor?

6. ZAKKAI: (ONGEMAKLIK) Ek… ek… (POUSE) Jammer Vader. Ek is sommer omgekrap vandag.

7. JABIN: (SIMPATIEK) Wat pla jou, my seun?

8. ZAKKAI: Ag, dis sommer niks.

9. JABIN: Praat met my, Seun. Ek is jou vader. Dalk kan ek help.

10. ZAKKAI: Niemand kan help nie. Ons het nie die mag of geld of status om ons van die kettings wat ons gevange hou, te bevry nie.

11. JABIN: (VERWONDERD) Kettings. Waarvan praat jy tog, Seun?

12. ZAKKAI: (OORGANG) Vader, sê bietjie vir my: Waar kom hierdie naam van my vandaan? Dis nie die familienaam nie, en dit beteken “die reine, die onskuldige”.

1. JABIN: (VERWONDERD) Wat ‘n vreemde vraag! Waarom pla jou naam jou nou skielik?

2. ZAKKAI: Omdat my naam veroorsaak het dat ek deesdae ‘n onderwerp van bespotting en hoon onder my vorige vriende geword het.

3. JABIN: (VERWARD) Hoe so?

4. ZAKKAI: Ek was altyd klein gebou. Ek het saam met Birsa en Salmon en ander jong seuns in die sinagogeskool opleiding by die rabbi’s in die sinagoge ontvang. Ek was die slimste van al die jong seuns. Ek was die eerste, en byna die enigste jong seun wat voor ons Bar Mitzvah die hele Bybel kon memoriseer.

5. JABIN: Die hele Bybel? Die Wet, die Profete en ook die digterlike boeke?

6. ZAKKAI: (TROTS) Ja, Vader. Rabbi Jusef het my voor die ander geprys en gesê ek is die slimste seun wat hy ooit onderrig het.

7. JABIN: Ek is trots op jou, my seun. Maar waarom hoor ek nou eers daarvan?

8. ZAKKAI: (BITTER) Omdat dit die begin van my ellende was. Van my tiende jaar af het ek skielik byna niks verder gegroei nie. By ons Bar Mitzvah het al my maats kop en skouers bo my uitgetroon. En daarna het my rug stadigaan skeef begin trek en het ek hierdie snaakse klein boggeltjie ontwikkel. Ek is nou 15 jaar. Hoe gaan ek oor 10 jaar lyk?

9. JABIN: Jou Oupa, Jakob, het dieselfde probleem gehad. Ook Oom Miga. Maar na hul 16de jaar het die siekte nie verder ontwikkel nie. En hulle het albei ‘n lang en geseënde lewe gehad.

1. ZAKKAI: *Wat het hulle, en ook ek, gesondig dat God ons op hierdie manier straf?* En waarom het julle my so ‘n misplaaste naam gegee? Niemand is rein of sondeloos nie. Ook nie ek nie.

BYK: Naggeluide moet deurlopend in agtergrond gehoor word.

2. JABIN: Kom sit hier by my, Zakkai. Kom. Nog nader. Dan praat ons.

(BEWEEG NADER OP GRUIS, GAAN SIT)

Vyftien jaar gelede het ek en Miga en Johannes hier, op dieselfde plek as ons twee nou, om ‘n vuurtjie gesit. Dit was net so ‘n pragtige nag soos vanaand. Maar ek was bekommerd, want jou moeder het jou verwag en was alleen saam met Pua, ‘n vroedvrou, by ons huisie in Betlehem.

3. ZAKKAI: Birsa-hulle spot oor die “ouvroustories” van daardie nag.

4. JABIN: Laat hulle maar spot. (OORGANG) Spot hulle ook oor die destydse kindermoord in Betlehem?

5. ZAKKAI: Weet nie. Hulle was destyds Galileërs. Maar vertel verder.

6. JABIN: Ek het die verhaal al soveel keer vir jou en jou moeder vertel. Van die Engel wat skielik verskyn het. Die boodskap dat daar vandag vir ons in die stad van Dawid die Verlosser gebore is, Christus die Here.

7. ZAKKAI: Die Verlosser? Die Gesalfde van God? (OPGEWONDE) Vader, wanneer, dink Vader, sal hy begin optree? Ons het ons Verlosser nou so bitter nodig! Ons volk gaan ten gronde onder die hiel van die vervloekte, korrupte Romeine wat ons verdruk en verarm. *Waarom laat God dit toe? Het Hy van ons vergeet?*

1. JABIN: Daardie Verlosser sal ons nie van die Romeine verlos nie, Zakkai. Josef het vir ons gesê dat sy naam Jesus is, want Hy gaan ons van ons *sondes* verlos. Hy gaan ons reinig van al ons sondes, sodat ons geregverdig voor God sal kan staan. God self het daardie naam aan Hom gegee. Die opdrag is deur ‘n engel van God aan Josef gegee.

2. ZAKKAI: Maar wat het dit met my naam te doen?

3. JABIN: My seun, nadat ons hulde aan die Kindjie in die krip gebring het, het ek my na jou moeder gehaas. Ek wou die blye boodskap heel eerste aan haar bring. En toe ek daar kom, vind ek jou moeder wat haar eerste, en enigste kindjie, teer aan haar bors druk. *Jy is in dieselfde nag as Christus Jesus in die stad van Dawid gebore*. Daarom het ons jou Zakkai genoem.

4. ZAKKAI: Ek verstaan nie, Vader.

5. JABIN: God self het Jesus daardie naam gegee. En omdat eenvoudige skaapwagters soos ek uitverkies was om heel eerste hulde aan die Verlosser te bring, en omdat jy dieselfde nag as Jesus gebore is, het ons die belofte van die verlossing wat Hy sou bring, vir jou toegeëien. Jy is Zakkai, die reine, die regverdige. Aan daardie belofte hou ons ons lewe lank nog vas.

6. ZAKKAI: (BITTER) Daar het tot dusver bitter min van daardie belofte gekom.

7. JABIN: (GESKOK) Hoe kan jy so iets sê?

8. ZAKKAI: (BITTER) *Ek weet net: die lewe is nie regverdig nie. Party mense het alles, ander het niks.* (OORGANG)

1. ZAKKAI: (OPSTANDIG) Pa, ek wil nie my lewe lank ‘n sukkelaar wees nie, Ek was nog nooit in Herodes se arenas of amfiteaters by Jerigo of Sesarea om na die spele te kyk nie. Ook nie in die weelde-huise of openbare baddens wat vir die ander ouens alledaags is nie.

2. JABIN: (STRENG) ‘n Kind van Abraham hoort nie in daardie heidense plekke nie. Salmon en Birsa se ouers is lede van die Herodesparty. Volksvreemdes wat Herodes en die Romeine steun om die voordeel wat dit vir hulle inhou. Hulle is verraaiers. Wil jy regtig soos hulle wees, Zakkai?

3. ZAKKAI: (OPSTANDIG) Hulle het ‘n toekoms, Vader. *Watter toekoms het ek as ‘n misrabele, misvormde skaapwagterseun?*

4. JABIN: (STRENG) Sien jy neer op die skaapwagtersberoep? In hierdie selfde herdersvelde was die jonge Dawid eeue gelede ook ‘n skaapwagter. Maar hy het later die dapperste held en die beroemdste koning van Israel geword.

5. ZAKKAI: Pa vergeet dat Hy ‘n uitverkorene van God was. Hy was mooi en jonk en sterk en dapper. (DRIFTIG) Kyk na my lyf, Pa. Lyk ek vir Pa na ‘n uitverkorene van God?

6. JABIN: God oordeel anders as mense, my seun.

7. ZAKKAI: (EMOSIONEEL) Palti het my vandag ‘n misbaksel genoem. *Wie se fout is dit dat ek lyk soos wat ek lyk? Waarom het God my so … halfklaar gemaak?* Birsa het daarna smalend gesê: “die sondes van die vaders” en toe het hulle weggestap.

1. JABIN: (SIMPATIEK) Ai, my seun. Steur jy jou aan daardie bedorwe leeglêers? Het jy al ooit daaraan gedink dat hulle jaloers op jou kan wees?

2. ZAKKAI: Jaloers? Op my! Moenie dat ek lag nie, Pa. Wat op aarde het ek wat hulle nie het nie. Kyk na die huise waarin hulle woon en hoe hulle leef. Hulle word deur slawe bedien, trek goed aan, woon die Herodiaanse spele by en binnekort gaan Salmon en Birsa en Palti na Rome om verder te studeer. Maar wat het ek? Ons woon in ‘n grothuis, ‘n armmanshuis en die lewe gaan by my verby.

3. JABIN: Jy het baie meer as hulle, Zakkai. Het Rabbi Jusef jou nie die knapste leerder genoem wat hy nog ooit gehad het nie? Vir my het hy gesê jy verstom hom met jou kennis en insig.

4. ZAKKAI: (BITTER) Wat help al daardie kennis my? Ek kan nie nie eers ‘n rabbi word nie. Hulle laat my wel in die sinagoge toe, maar ek is nie welkom in die tempel nie. Nie eers in die voorhof vir Israelitiese mans nie. *Ek is vir niks goed nie. Nie eers vir God nie! En ek is nie “die reine” nie, maar “die onreine”. Die Godshuis is vir my verbode. Ek is verwerp - deur my eie mense, maar ook deur God.*

5. JABIN: (VERSLAE) Ai, my seun. Ek wens ek het ‘n antwoord op jou vrae gehad. God is liefde. Hy verwerp niemand nie. Sy weë is vreemd.

6. ZAKKAI: (MET KLEM) Al is ek klein en misvorm van postuur, wil ek *as mens groot wees.* Pa, ek wil uitstyg, geleerd raak, ryk word, respek afdwing. Dan sal ander na my opsien.

1. JABIN: En hoe wil jy dit regkry?

2. ZAKKAI: Ek wil ook na Rome gaan en meer dinge leer as net dit wat ons in die sinagogeskole leer. Ek wil leer van sterrekunde, filosofieë, politiek, syfers en van geld. Veral van geld, want ek wil ryk word. Geld is mag! (PLEITEND) Pa, ek wil nie eendag as ‘n skaapwagter doodgaan nie. Help my!

3. JABIN: (ONTSTELD) Zakkai, sien jy op jou erfenis as kind van Abraham neer. En ook op jou vader? (POUSE) Kyk na hierdie hande. En voel hier. (POUSE) Hierdie harde, vereelte hande het hulle afgesloof vir JOU.

4. ZAKKAI: (SINIES) Ons sien maar bitter min van die vrugte van Pa se arbeid.

5. JABIN: (BITTER) Dis omdat so baie van ons geld na die skatkiste van Augustus in Rome en Argelaos in Jerusalem en Varus in Damaskus gaan. Veral daardie windbolle in Rome wat net heeldag in paleise vreet en suip en op goudgeborduurde sykussings sit en “filosofeer”, suig ons leeg. (OORGANG) Zakkai, Waar sou hierdie vettes en rykes die vleis en brood en wyn en kaas en olywe en druiwe vandaan gekry het, as dit nie vir óns, die boere wat jy so minag, was nie?

6. ZAKKAI: Pa verstaan my verkeerd. *Ons leef in veranderde tye. Hier is nou nuwe stelsels, vooruitgang, nuwe waardes, nuwe beroepe.*

7. JABIN: Watter beroep is edeler as dié van die boer? En die herder?

1. ZAKKAI: (MET KLEM) *Ek wil deel wees van die stroom,* Pa. Ek wil nie op die kantlyn staan en net ‘n toeskouer wees nie. Ek wil kennis bekom en dit gebruik.

2. JABIN: Dit kos geld, Zakkai. Waar gaan ons die geld kry?

3. ZAKKAI: (PLEITEND) Al is koning Herodes dood, hoor ek daar is nog steeds beurse beskikbaar vir skrander jongmanne om in Rome te gaan studeer. Die Herodiane sorg daarvoor. Gaan vra vir hulle vir ‘n beurs vir my.

4. JABIN: (HEWIG ONTSTELD) Wat? Vra jy vir MY, kind van Abraham, om ‘n vervloekte Herodiaan te word en by daardie tiran, daardie moordende monster, Argelaos, te gaan kruip – KRUIP, hoor jy my – want dis al hoe jy is beurs sal kry al is jy ook hoe slim.

5. ZAKKAI: Dis nie nodig dat Pa ‘n Herodiaan hoef te word of by die koning te gaan bedel nie. Dis gewone amptenare wat deesdae die dinge reël. Argelaos is te besig om al sy gewaande vyande uit te roei om hom met sulke beuselagtighede te bemoei. Hy is erger, veel erger as wat sy pa, Herodes ooit kon wees.

6. JABIN: Rabbi Nikodemus het vir my gesê Argelaos se dae is getel. Rome is nou keelvol vir daardie moordende monster.

7. ZAKKAI: Dis goeie nuus. En Rabbi Nikodemus se inligting sal waar wees. Hy is immers ook lid van die Sanhedrin.

1. JABIN: Ja, ek pas maar net sy skape saam met myne op. Maar hy is lief vir die veld en kom sit soms in die aand langs my vuurtjie en dan praat ons diep dinge. Maar al word Argelaos onttroon en verban, maak dit geen verskil nie. Die hele Herodesparty bestaan uit mense wat deur die Huis van Herodes bevoordeel is. Na Argelaos sal ‘n ander Herodes oorneem. En die Herodiane sal ons help, ja, maar op hulle voorwaardes. Ons sal ook Herodiane moet word.

2. ZAKKAI: Pa moet slim wees. *Gebruik hulle, Pa, soos wat hulle ons gebruik!*

3. JABIN: Dis oneerlik, Seun. Moenie soos hulle word nie. Behou jou selfrespek en integriteit. ‘n Kind van Abraham se woord is sy eer.

4. ZAKKAI: (KOPPIG) Ek wil verder leer, Pa. Ek *wil* Rome toe gaan.

5. JABIN: (MET OPLAAIENDE DRIF). Dink jy vir een oomblik dat ek jou na daardie … daardie hoerestad sal laat gaan om daar onder volksvreemdes van vreemde gode en vreemde kulture te gaan leer? Jy sal daar van die God van jou vaders vergeet. Oor my dooie liggaam. My dooie liggaam, hoor jy my!

6. ZAKKAI (KOPPIG) As ek dan nie na Rome kan gaan nie, is daar ander maniere om my doel te bereik. Ek dink al lankal daaroor. *Ek wil ryk word. Skatryk,* Dan sal mense my raaksien en respekteer..

7. JABIN: Aan watter ander maniere dink jy?

1. ZAKKAI: As ek op geen ander manier ryk kan word nie, gaan ek na Kapernaum of Jerigo toe. In Kapernaum is ‘n vissershawe, ‘n baie besige tolhek en baie mense wat kom en gaan. Kom ek nie as visserman of koopman reg nie, dan sluit ek by die tollenaars aan. (POUSE) Ja, ek dink dis wat ek gaan doen.

2. JABIN: (VERSLAE) Ai, my seun. (GEBROKE) My enigste seun … ‘n tollenaar. (SKOR) Dis goed jou moeder leef nie meer nie. Jy sou haar hart gebreek het.

3. ZAKKAI: Hoe is sy oorlede, Vader? U wil nooit daaroor praat nie.

4. JABIN: Ek … ek kan nog nie daaroor praat nie. Dalk eendag …

BYK: KORT MUSIEKTUSSENSPEL OM TYDSVERLOOP AAN TE DUI, DIT KRUISDOOF MET SAGGEUS SE STEM.

5. SAGGEUS: (ROEP) Karia! (HARDER) Karia, waar is jy?

6. KARIA: (ENTJIE WEG) Hier, my heer. By die vuurherd.

BYK: Geluide van hoe sy by die vuurherd probeer om die vuur aan die gang te kry.

7. SAGGEUS: (BY HAAR) Ai, my vrou. (MOEDELOOS) Waarom sloof jy jouself so af? Waarvoor het ek duur betaal vir die beste slawe op die mark?

8. KARIA: Dalk omdat ek skuldig voel omdat ek nie steeds ‘n slaaf is nie. (OORGANG) En ek geniet dit om dinge te doen en nie heeldag nutteloos net rond te sit en probeer om mooi te lyk nie, my heer.

9. SAGGEUS: (BEVELEND) Vrou, sit neer daardie hout en vuurtang en kom sit hier by my. Ons moet praat.

BYK: **Haar gewerskaf hou op, Sy beweeg nader en gaan sit.**

1 SAGGEUS: (GEDULDIG) Karia, hou op om my “my heer” te noem. Jy is deur my gekoop en ook vrygestel sodat jy as vrye vrou met my kon trou. Daarmee is AL jou slawebande afgewerp. *Hier* is jy die koningin van my huis. Jy het die grasie en skoonheid van ‘n vorstin. Tree dan ook soos een op. Ek is trots op jou.

2. KARIA: (PLEITEND) Dankie my man. Maar ek wil so graag nuttig wees en nie net ‘n sierstuk in jou huis wees om ander te imponeer nie.

3. SAGGEUS: *Dit is jou werk, Karia*. Dis waarom ek jou op die slawemark gekoop het. Ek kon nie glo dat iemand so mooi en so trots soos jy tussen die ander bedremmelde slawe staan nie. Ek het DUUR betaal om jou te kry, maar ek weet dat ek nooit spyt sal wees nie.

4. KARIA: Die dae is lank as iemand wat altyd besig was, nou byna niks het om te doen nie, Saggeus. Al wat my darem besig hou, is my weefstoel en ek het twee keer darem saam met ander vroue na die nuwe profeet uit Nasaret wat wonders doen, gaan luister.

5. SAGGEUS: Nouja, geniet dit wat jy ookal doen, maar los die slawewerk vir ander. Wat weef jy op die oomblik?

6. KARIA: Ek is klaar daarmee. Dis ‘n baie elegante kleed wat ek so ontwerp het dat jou klein ou boggeltjie byna onsigbaar sal wees. Dit hang ook laag af, byna tot op die grond.

7. SAGGEUS: Ek sien. So verbloem dit sommer ook my spesiale skoene met die hoë sole wat my bietjie langer laat lyk.

1. KARIA: Jy is so gevoelig oor jou liggaam. Maar dit pla niemand anders nie. Ook nie vir my nie.

2. SAGGEUS: (BITTER) Dit pla die godsdiensleiers, veral die Fariseërs. Daarom is ek vandag ‘n tollenaar en nie die beroemde, geleerde Skrifgeleerde wat ek graag wou word nie. (MET KLEM) *Ek. Zakkai, die reine, die regverdige, mag my voete nie in die tempel, God se heilige woonplek op aarde, sit nie.* Dit het my vader se hart gebreek en my drome vernietig - totdat jy gekom het.

3. KARIA: Zakkai? Was dit jou Joodse naam?

4. SAGGEUS: Ja. Toe ek tollenaar geword het, het ek my Israelitiese naam net vergrieks, want Saggeus beteken feitlik dieselfde. Dit beteken ook die *reine*, die *onskuldige..*

5. KARIA: Ai, my liewe man. Die mense sê jy is ‘n geldwolf. Dat jy meer tolgeld van sommige eis as waarop jy geregtig is. Dan steek jy al daardie oortollige tolgeld in jou sak. Dis glo waarom jy so ryk is.

6. SAGGEUS: Dis deels waar. Vir gewone mense wat by die tolhuise tolgeld moet betaal, vra ek niks ekstra nie behalwe dit waarop ek as tollenaar geregtig is. Maar vir die rykes, die skynheilige Fariseërs en die bullebakke soos Birsa en Palti en Salmon wat my altyd so verneder het, vra ek sommer baie meer, veral nadat ek tollenaar by Jerigo geword het. Dis by Jerigo se tolhuis wat ek so ryk geword het.

7. KARIA: Waarom juis Jerigo?

1. SAGGEUS Omdat die tolhuis by Jerigo so geleë is dat jy nie by die Herodiaanse Jerigo kan uitkom as jy nie deur die tolhek gaan nie. Die twee Jerigo's is met 'n boomryke laan verbind en almal moet daardie pad stap as hulle Herodes se Jerigo wil binnegaan.

2. KARA: Wat sou die Jode daar gaan soek?

3. SAGGEUS: Dit is die speelplek van die rykes, veral die Herodiane. Herodes het daar 'n pragtige paleis met 'n amfiteater en renbaan laat bou. En natuurlik ook 'n tronk. (HY LAG) Dit het my groot plesier verskaf om my drie ou aartsvyande by Jerigo se tolhek persoonlik in te wag en hulle soms tot 3 keer meer as nodig te laat betaal.

4. KARIA: (GESKOK) Betaal hulle dit? Hulle kan mos weier.

5. SAGGEUS: Hulle betaal maar, want hulle kan nie van daardie speelplek af wegbly nie. Buitendien sal g'n Jood dit waag om te weier om tolgeld te betaal nie.

6. KARIA: (GESKOK) Maar is jy nie bang die Romeine gooi jou in die tronk daaroor nie. Dis mos oneerlik.

7. SAGGEUS: Hulle lag daaroor. Hulle weet hoe ons tollenaars deur die Jode verag word en uit die Joodse samelewing geban is. Alle tollenaars is ook uit die tempel geban. Daarom voel ek tuis tussen hulle, (OORGANG) Haai, my vrou, ek het gekom om aan jou wonderlike nuus te kom vertel, en kyk waaroor praat ons nog die hele tyd.

8. KARIA: Watse nuus? Vertel.

1. SAGGEUS: Ek is as hooftollenaar aangestel. Ek is in beheer van ‘n groot klomp tolhekke met al die tollenaars wat daar werk. Rome sê ek doen uitstekende werk vir hulle, daarom dié ereposisie. (TROTS) Wat sê jy daarvan?

2. KARIA: Dis wonderlike nuus, Saggeus. Baie geluk. Ek is so trots op jou. En ek weet hoe hard jy altyd werk. (OORGANG) Maar ek het ook nuus vir jou: (POUSE) Jesus van Nasaret, die groot profeet wat soveel wonders verrig, het vanoggend Jerigo binnegekom. Dalk was Hy ook op pad na Herodes se Jerigo toe. Wil jy nie self gaan kyk hoe Hy lyk en wat Hy doen nie? Wie weet, dalk maak Hy jou ook gesond.

3. SAGGEUS: Die twee Jerigo’s is groot, Karia. Waar sal ek hom vind?

4. KARIA: Jy sê almal moet deur die boomlaning loop om uiteindelik by die tolhek uit te kom. Gaan wag Hom in die boomlaning in.

5. SAGGEUS: Goeie plan. Ek wil baie graag dié man sien wat die klomp Fariseërs so regsien. Ek sal in die wildevyeboom klim.

6. KARIA: Die wildevy? Waarom?

7. SAGGEUS: Sommer naby my tolhek is ‘n eeue-oue wildevyeboom met digte takke wat sy takke baie wyd oor die hele breedte van die laning uitsprei. Ek is te kort om die Nasarener oor die koppe van sy baie volgelinge te kan sien. Niemand sal weet ek is in die boom nie. Maar ek sal hom goed kan sien.

1. KARIA: Dis waar. Hy beweeg stadig as die mense mekaar verdring om by hom uit te kom. Maar jy sal nou moet gaan, anders mis jy Hom.

2. SAGGEUS: Ek gaan dadelik. Dankie Karia. Pas jouself mooi op.

BYK: Tussenspel om tydsverloop aan te dui.

3. SAGGEUS: (ROEP DRINGEND. HYGENDE ASEM) Karia. Karia. Waar is jy?

4. KARIA: (OP 'N AFSTAND. BEWEEG NADER TERWYL SY PRAAT) Hier, Saggeus. Ek maak iets spesiaals vir jou vir middagete. (NOU BY MIK.) Maar wat gaan met jou aan? Jy is papnat gesweet en hyg na jou asem.

5. SAGGEUS: Ek het gehardloop om jou te waarsku. Jesus van Nasaret is op pad na ons huis toe. Hy het reg onder my waar ek in die boom skuil, gaan staan en gesê: "Saggeus, maak gou en klim af, want ek moet vandag in jou huis oorbly." Ek het afgeklim en saam met Hom verder beweeg.

6. KARIA: Wat sê die ander mense toe?

7. SAGGEUS: Almal het gemor en gesê: "Hy gaan sowaar by 'n sondige man tuis." Toe ek die kwaai gesigte sien, het ek gaan staan en vir Jesus gesê: "Kyk Here, ek gee die helfte van my besittings aan die armes. En as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit viervoudig terug."

8. KARIA: (KARIA GRINNIK) Palti en jou ou vriende gaan dit geniet! (POUSE) En wat doen Jesus toe?

1. SAGGEUS: Hy het gesê: “Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom., want ook hy is ‘n seun van Abraham. Die Seun van die mens het gekom om diegene wat verlore is, te soek en te verlos.”

(OORGANG)

JUBELEND*) Ek is weer ‘n kind van Abraham*, Karia. Jesus het my sondes vergewe en my vrygespreek. *Ek is weer Zakkai, die reine, die onskuldige.* My ouers se drome vir my, het waar geword.

2. KARIA: Ek is só bly. (HAASTIG) Maar wanneer kom Jesus? Vir hoeveel mense moet ek kos voorberei?

3. SAGGEUS: Jesus se vrouedissipels het kos gebring. Die dissipels sal dit vanmiddag eet. Vanmiddag is dit net Jesus en ek en jy. Dit lyk of Hy vandag net met my wil praat. Toe die mense Hom so besig hou, het ek gou gehardloop om jou te waarsku.

4. KARIA: Ek het lekker kos vir ons twee gemaak. Maar daar is genoeg vir ons aldrie. Gaan ontmoet Jesus en bring hom hierheen.

BYK: Kort tussenspel om tydsverloop aan te dui.

5. KARIA: En nou is Jesus weg. Hy het geëet en lank met jou gesels. Toe sy dissipels opdaag, het Hy net gegroet en dadelik vertrek.

6. SAGGEUS: Hy het gesê hulle is op pad Jerusalem toe. Hy het ‘n taak om daar te volvoer.

7. KARIA: (NUUSKIERIG) Het hy gesê wat hy moet gaan doen?

8. SAGGEUS: Hy het baie dinge gesê. Vreemde dinge wat ek nie mooi verstaan nie.

1. KARIA: Dinge soos wat?

2. SAGGEUS: Dat hy weggaan na sy Vader toe. Maar hy sal weer terugkom. In die tussentyd gaan hy sy Gees stuur om *in ons* te woon. (POUSE. DINK NA) Ek verstaan dit nie mooi nie.

3. KARIA: Wat nog?

4. SAGGEUS: Ook dat ons vir die Paastyd na Jerusalem moet gaan. Ek het gevra: “Om wat daar te gaan doen? Die Jode verag my. Ek sal nie kan deel in die Paas-feesvierings nie. Nee. Jerusalem toe gaan ek nie.”

5. KARIA: (TUSSENWERPSEL) Hoe kon jy so met Jesus praat, Saggeus? Wat het hy nog gesê?

6. SAGGEUS: Hy het my beveel: “ Zakkai, jy sál na Jerusalem toe gaan. Jy sal My weer daar sien. Maar Ek sal nie met jou kan praat nie. Dit sal nie nodig wees nie. Jy sal my boodskap duidelik kry.”

7. KARIA: (ONTROERD) Hy het jou Zakkai genoem, nie Saggeus nie. Jy is nou waarlik weer “kind van Vader Abraham,” my man. Hy het jou daarmee rein verklaar. Jy is weer daardie naam van jou waardig. Van nou af noem ek jou net Zakkai. En ons sal ons moet voorberei vir die agt dae van die Fees van die Ongesuurde Brode.

8. SAGGEUS: (HEFTIG) Nee. Ek neem geen offerlam saam nie. Ek word nie in die voorhof vir manne toegelaat nie. En ons gaan net vir die laaste drie dae van die Fees - die ware Pasga. Maar ek gaan eintlik om Jesus weer daar te sien. En dalk vir Nikodemus.

BYK: Musiektussenspel. Kruisdoof met voetstappe van Saggeus en Karia. Agtergrond verder doodstil.

1. SAGGEUS: Hier in Jerusalem is nie ‘n siel wat beweeg nie.

2. KARIA: (BANG, FLUISTEREND) Dis oor hierdie pikswart wolk wat al van Betlehem af oor ons toegesak het. Dis soos nag hier in Jerusalem. Dit maak my bang.

3. SAGGEUS: Dis vreemd. Dit laat my dink aan die wolk wat tydens die woestyntog altyd oor die tabernakel gehang het maar afgesak het as Moses moes ingaan om God se boodskap te hoor.

4. KARIA: Wil jy sê God is nou hier teenwoordig? Oral in die Godstad?

5. NIKODEMUS: *Shalom,* vrede vir julle, Zakkai en Karia. (POUSE) Ja, God is hier. Dalk baie verder as Jerusalem. Oral waar die wêreld donker is.

6. SAGGEUS: (VERBAAS) *Shalom*, Rabbi Nikodemus. Dit is mos u. Ek herken u stem. Maar dis so donker. Ek het u nie nou hier verwag nie.

7. NIKODEMUS: Ek het julle verwag. Jesus het my beveeL om julle vandag in te wag en na my huis te neem. Zakkai, jou vader wag ook daar op jou.

8. SAGGEUS: My vader? Ek het hom jare laas gesien. Sal hy sy tollenaarseun wil sien?

9. NIKODEMUS: Ja. Baie graag. Kom, laat ons gaan.

10. SAGGEUS: (VOETSTAPPE OP GRUIS) Rabbi, u noem my telkens Zakkai.

11. NIKODEMUS: Ja. Jy is weer ‘n kind van Abraham. Nie meer ‘n uitgeworpene nie. Van nou af is jy weer Zakkai, die reine. Jesus se offer reinig ons almal wat in Hom glo, van al ons sondes.

1. SAGGEUS: Dan moet ons gou maak. Ons sal graag deel wil wees van die offermaal wat Hy aanbied. Het Hy of sy dissipels al die offerlam geslag en vir die maaltyd voorberei? Kan ons dalk gaan help?

2. NIKODEMUS: *Hy IS die Lam, Zakkai. En Hy het alles klaar gedoen.* (OORGANG) Maar hier is ons nou by my huis. Kyk, die deur staan oop. Daar brand ‘n lamp binne. Jou vader wag daar by die lamp op jou. Gaan in. Maar ek moet verder stap. Sien julle later. *Shalom*.

3. SAGGEUS EN KARIA: *Shalom* Rabbi. Vrede vir U.

BYK: Hulle stap, klim enkele trappies, beweeg in. Maak deur toe. Beweeg huiwerig enkele treë. Steek dan vas.

4. SAGGEUS: (HUIWERIG VRAEND) Vader?

5. JABIN: (ONTROERD) Zakkai, my seun. *Shalom*. Vrede vir julle albei. (POUSE) Is hierdie mooi mensie jou vrou?

6. SAGGEUS: Ja Vader. Haar naam is Karia. Vrede ook vir u.

7. KARIA: *Shalom,* vader van my geliefde man, Zakkai.

8. SAGGEUS: (BEWOË) Welkom terug, my seun. Ek is dankbaar dat ek jou weer as kind van Abraham kan ontvang. En welkom ook, Karia. (POUSE) Ai, my seun, daar is so baie waaroor ons sal moet praat.

9. SAGGEUS: Vader, vir my is die belangrikste vraag wat u nog nooit beantwoord het nie, die vraag oor my moeder so vroeë dood.

10. JABIN: (POUSE) Het jy al ooit gewonder hoedat net jy en baba Jesus die gruwelike massamoord van seuntjies onder twee jaar in Betlehem vrygespring het?

1. SAGGEUS: Ek weet Jesus se ouers is gewaarsku en dat hulle met hulle baba na Egipte gevlug het. Maar oor my het ek nooit gewonder nie. Ek het aangeneem ons het ook betyds padgegee.

2. JABIN: Nee, Zakkai. Niemand kon droom dat Herodes so ‘n gruweldaad sou pleeg nie. Jy was daardie dag siekerig. Moeder Pua, die vroedvrou wat jou in die wêreld gebring het, was by ons. Sy het van haar kruiemedisyne gebring. Dit het jou koors gebreek. Iets anders wat sy jou ook ingegee het, het jou in ‘n diep slaap laat val.
Ek het van my skape af gestap om te kom kyk hoe dit met jou gaan. In Betlehem tref ek toe ‘n groep soldate aan. Vroue het rondgehardloop en het huilend geskreeu. Die soldate het in huise gestorm en ‘n rukkie later by sommige uitgekom met bebloede kortswaarde in die hand. Toe ek by ons huisie instorm, het jou moeder voor ‘n soldaat gestaan en gesê. “Moordenaars! Trap hier uit. My kind is reeds dood. Wil jy hom ‘n tweede keer kom doodmaak. Loop. Loop!” Sy was ‘n klein vroutjie en het hom huilend met haar klein vuisies op sy bors geslaan. Hy het bars gesê: “Vrou, gee pad. Waar’s jou seun.” Hy het by haar probeer verbykom, maar sy het bly keer. Pua het intussen hardop geweeklaag soos wat vroue maak waar iemand dood is.

3. SAGGEUS: En U, Vader, wat het u gedoen?

1. JABIN: Ek het nader gestorm om ook die soldaat te probeer keer, maar voor ek by hom kon kom, het hy jou moeder, Marja, skielik met sy swaard net een steek in die bors gegee. Toe stort sy inmekaar

2. SAGGEUS: (SAG) Wat het toe met my gebeur?

3. JABIN: Ek het die soldaat se arm met die kortswaard gegryp en gebulder: “Was jou opdrag ook om klein, huilende moeders wat hul hulpelose kindertjies probeer beskerm, dood te maak? Wat is jou naam? En wie is julle hoofman? Neem my na hom toe.”

Die soldaat het verskrik losgeruk en die huis uitgestorm. Ek het by jou moeder gekniel en gesien sy is sterwend. Sy het iets probeer sê, maar al wat sy kon uitkry, was net: “Zakkai”. Haar laaste gedagte was aan jou, (POUSE). *My seun. Jou moeder het haar lewe gegee om jou lewe te red.*

4. KARIA: Het ander soldate nie gekom om Zakkai dood te maak nie?

5. JABIN: Net een het tot by die deur gevorder. Toe hy die bebloede liggaam van jou moeder sien en die geweeklaag van Pua in die agterkamertjie hoor, het hy vinnig omgedraai en weggestap. Dwarsdeur die aaklige gebeure, het jy rustig geslaap.

6. SAGGEUS: (GEDAGTESTEM) Sy het gesterf om my te red? (DINK NA) (OORGANG) Weet Vader dalk waar Jesus is? Hy het gesê ek moet Jerusalem toe kom. Ek sal Hom hier sien, maar Hy sal nie met my kan praat nie. Maar Hy het belowe my grootste vrae sal hier beantwoord word. Vader het nou een beantwoord.

1. JABIN: Hy is op Golgota, Zakkai.

2. SAGGEUS: (VERWARD) Golgota. Kopbeenkoppie? Wat doen Hy daar?

3. JABIN: Nikodemus sê Hy bring sy Paasoffer.

4. SAGGEUS: Maar waarom daar? Op die plek waar misdadigers gekruisig word?

5. JABIN: (ONTWYKEND. SOMBER) Kom ons stap. Nikodemus wag daar vir ons. Hy sal jou vrae beter as ek kan beantwoord.

6. SAGGEUS: Kom Karia. Ons sal by die tempel verby moet stap. Maar in hierdie donkerte sal jy nie veel van die praggebou kan sien nie. Ook maar beter so. Ek het net bitterheid in my hart as ek aan die tempel dink.

7. JABIN: Dis mense, Zakkai, nie God nie, wat jou so sleg behandel. En daar brand lampe in en om die tempel. Jy sal daar darem iets kan sien. Dis amper die negende uur – die gebedsuur. Dis die uur waarop die hoëpriester self die rituele Paaslam moet slag. Die oomblik as daardie lam sterf, kom die Hoëpriester orent en sê: *“Dit is volbring”.*

8. SAGGEUS: Waarom al die offers, Vader? *Is God bloeddorstig? Kan sonde net vergewe word nadat daar offerbloed gevloei het?*

9. JABIN: Ek en Rabbi Nikodemus het al baie daaroor gepraat. Hy sê God is ‘n God van liefde. Maar offers wat aan die gode gebring word, is praktyke in elke godsdiens waarvan ons bewus is. Dis kultuurgebonde praktyke - die enigste taal wat die mense van ons tyd verstaan. Daar word met offerbloed vir sondes betaal. Êrens in die toekoms sal hierdie praktyk verander.

1. KARIA: Jesus het die afgelope tyd baie vreemde dinge gesê. Hy het ook vir jou gesê dat Hy die goeie Herder is wat sy lewe aflê vir sy skape. Onthou jy, Saggeus?

2. SAGGEUS: Ek onthou. Ook dat hy weggaan. Beteken dit dat Hy gaan sterf?

3. JABIN: Ek weet nie. Vandag verstaan ek NIKS.

4. KARIA: Kan ons nie net ‘n klein entjie nader aan die tempel stap nie? Ek wil so graag sien hoe dit daar lyk.

5. JABIN: Ons kan. Ons mag selfs op die voorhof vir heidene klim. Daar is almal welkom, selfs tollenaars en vroue.

6. KARIA: (OPGEWONDE) Nou laat ons gaan.

(BEWEGING SOOS WAT HULLE STAP)

7. JABIN: Hier is ons. Op die voorhof vir heidene. En daar is die voorhof vir vroue. Daar staan die skatkis ook.

8. SAGGEUS: (SINIES) Vroue word net tot daar toegelaat, want hulle wil ook hulle bydrae in die skatkis gooi. Was dit nie vir hulle geld nie, was hulle, net soos ek - uitgeworpenes.

9. KARIA: (PLEITEND) Mag ek ook ‘n geldstukkie in die skatkis gaan gooi?

10. JABIN: Ja, jy mag. Mits dit Joodse munte is.

11. SAGGEUS: Sy het net Romeinse munte by haar. En dis onrein geld wat nooit in die skatkis gegooi mag word nie,

BYK: Geluid van ‘n aardbewing.

12. KARIA: (GIL VERSKRIK)

13. SAGGEUS: (VERWARD) Wat gaan aan?

1. JABIN: ‘n Aardbewing.

BYK: Die aardbewing kruisdoof met die stem van Kajafas, die Hoëpriester, wat gillend uit die tempel gehardloop kom.

2. KAJAFAS: (ROEP ‘N ENT WEG) Die voorhangsel! Die voorhangsel het geskeur! Middeldeur, van bo af tot op die grond.

3. JABIN: Laat ons gaan hoor wat aangaan.

(BEWEEG VINNIG NADER)

(BY KAJAFAS OP MIK) Hoogedele Hoëpriester, het u gesê die voorhangsel het geskeur?

4. KAJAFAS: (HEWIG ONTSTELD) Ja. Daar is nou geen skeidsmuur meer tussen sondaars en die heilige God nie. Elke tollenaar en sondaar – selfs vroue - kan nou in die Allerheiligste instap en God se heiligdom met hul sondesmet besoedel.

5. JABIN: (HAASTIG) Ons sal die boodskap oordra aan die mense op Golgota. (KORTAF) Kom Saggeus. Kom Karia.

6. SAGGEUS: (BITTER, TERWYL HULLE WEGBEWEEG) Steeds geen vergifnis nie. God se tempel is nie vir onrein mense soos ek toeganklik nie.

7. JABIN: Dis nie God wat so sê nie, my seun. Dis Kajafas – self ‘n sondaarmens al dra hy die Hoëpriesterlike kleed. Kom, ons klim die laaste treë na Golgota toe op.

BYK: HULLE STAP VINNIG. ASEMS BEGIN EFFENS JAAG.

8. KARLIA: Haai julle, die donkerte begin wyk.

9. JABIN: *Ja. Kyk! Daarbo bokant Golgota breek die lig deur die duisternis*.

1. SAGGEUS: (UITASEM NA NOG ‘N ENTJIE SE STAP) Eindelik bo. (ONTSTELD) Maar wat gaan hier aan? Drie kruise. En die een in die middel het ‘n doringkroon op sy kop. Kyk die bloed en wonde.

2. KARIA: (ONTSTELD) Dis Jesus, Saggeus. Die een met die doringkroon.

3. NIKODEMUS: (BEWOË) Dis die Goeie Herder wat sy lewe vir sy skape gee.

4. SAGGEUS: (ROEP UIT) *Waarom? O God van Israel, WAAROM?*

5. NIKODEMUS: Omdat God die wêreld so liefhet, dat Hy sy eniggebore Seun gee sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal kan hê.

6. SAGGEUS: (VERONTWAARDIG. VEROORDELEND) *Watter soort vader is dit wat sy eie seun so ‘n gruweldood laat sterf?* Noem jy dit liefde?

7. NIKODEMUS: Ja, dis liefde, daardie, Saggeus. God se liefde vir die ganse mensedom, maar ook Jesus se liefde vir ons. Jesus het sy lewe vrywillig afgelê om ons te red. Daar is nou geen skeiding meer tussen ons en God nie.

8. SAGGEUS: (VERWONDERD) Geen skeiding meer nie? Die tempelvoorhangsel?

9. NIKODEMUS: Wat van die tempelvoorhangsel?

10. JABIN: Ons was tydens die negende uur by die tempel toe die gebedsuur aangebreek het. Toe kom die aardbewing. En Hoëpriester Kajafas strompel uit die tempel en roep. “Die voorhangsel het geskeur. Middeldeur. Van bo tot onder.”

11. KARIA: (GRIL, BANG) In sy hand was ‘n lang, skerp, bebloede mes.

1. NIKODEMUS: Hy het toe pas die rituele Paaslam laat sterf. Dis die moment waarop hy moet sê: “Dit is volbring*.” En op daardie presiese moment, net voor die aardbewing, het Jesus ook uitgeroep: “Dit is volbring!* Vader, in U hande gee ek my gees oor.” En toe het Hy gesterf.

2. JABIN: En toe skeur ook die tempelvoorhangsel.

3. NIKODEMUS: (DINK NA) Ja, geen skeiding meer nie. Ons het nooit weer nodig om diere te offer vir ons sondes nie. Jesus is ons Paaslam. Ons het nou direk toegang tot God. Hallelluja!

4. SAGGEUS: *Hoe kan mens God prys na hierdie afgryslike gebeure?*

5. JABIN: My seun, ek het jou vandag vertel hoe jou moeder gesterf het. Sy het haar lewe vrywillig gegee om haar geliefde kind te red. *As jou moeder dit kon doen, waarom nie God nie? Dis waarom Jesus ook vrywillig sy lewe vir sy skape wat Hy liefhet, afgelê het.*

6. NIKODEMUS: Kyk na Hom, Zakkai. Dis vir my en jou wat Hy daar hang. Hy het gesê dat Hy weggaan, maar weer sal terugkeer. Maar terwyl ons wag, sal Hy sy Heilige Gees gee om *in ons* te kom woon - nie net in die tempelgebou nie. (OORGANG)

Hier kom Josef van Arimatea ook nou. Hy het toestemming by Pilatus gaan vra om Jesus te begrawe voordat die groot Sabbat wat die Paasfees inlei, met sononder aanbreek.

7. JABIN: Ja, geen mens mag dan nog aan ‘n kruis hang nie, want dan is die land ritueel onrein en die Pasga kan nie gevier word nie.

1. NIKODEMUS: Ons het min tyd. Kom help ons, Saggeus. Help ons om Jesus van die kruis af te haal.

2. SAGGEUS: Saggeus?

3. NIKODEMUS: Ja. Zakkai, want dis Saggeus, die *tollenaar*, wat deur Gods genade bestem is om hierdie liefdesdaad te help verrig. Hierna sal ek en Josef verder sorg dat Hy in ‘n nuwe graf van Josef weggelê word. (BEWEGING SOOS WAT HULLE BESIG RAAK)

2. SAGGEUS: (ONTROERD) Kyk hoe lyk Hy. Vol van bloed en wonde. (POUSE) En hierdie aaklige doringkroon. Diep in sy skedel ingedruk. Hoeveel pyn moes Hy verduur het! (POUSE) (EMOSIONEEL) Here Jesus, u volmaakte liggaam is gebreek en mishandel, sodat my misvormde liggaam ‘n tempel kan word waarin U woon. (POUSE) Ek dank U, O Here, dat hierdie liggaam van my, goed genoeg is om U tempel te kan wees. Hallelluja! Ek prys U Naam.

SLOTMUSIEK

Dalk ‘n grepie uit *Die Hallellujakoor*? (Dit moet jubelend eindig en nie somber en swaarmoedig nie.)

BESPREKINGSPUNTE na die luister of lees van die drama / …

BESPREKINGSPUNTE na die luister of lees van die drama

1. Aan watter gelykenis van Jesus herinner die lewensgeskiedenis van Saggeus jou? Wat is die hoofboodskap van daardie gelykenis – en dus ook van die lewe van Zakkai (Saggeus)? Hoe sluit beide verhale aan by die Paasgebeure?
2. Waarom was Zakkai so verbitterd oor die houding en verwerping van hom deur die “boelies” onder sy tydgenote? Hoe reageer hy daarop? Nadat Jesus sy lewe binnegekom het, hoe het hy toé daarop gereageer? Hoe wys hy dat vergiffenis nie net blote woorde is nie, maar dat dit in dade moet oorgaan?
3. Watter rol speel die feit dat die tempel destyds verbode gebied vir gestremdes of siekes was? (Hou in gedagte dat gestremdheid en sekere siektes destyds beskou is as die gevolg van sonde wat die persoon of sy voorgeslagte gedoen het.) Is daar vandag nog mense met een of ander “afwyking” vir wie die deure van sommige kerk/gemeentes gesluit is? Hoe oordeel jy daaroor?
4. Watter sosiale omstandighede het by Zakkai ‘n obsessie laat ontstaan om skatryk te word. Dit laat hom besluit om ‘n gehate tollenaar te word. Is daardie omstandighede nie vandag ook die oorsaak van baie misdaad in die wêreld nie? Wat kan elkeen van ons doen om daardie situasie te verander?
5. Wat het Zakkai se ouers laat besluit om hom Zakkai te noem? Hy vergrieks, net sy Joodse naam en word Saggeus nadat hy ‘n tollenaar geword het, maar dit beteken dieselfde. Wat beteken die naam en waarom het sy maats hom oor sy naam bespot, geteister en verneder? Wat sê dit vir ons dat Zakkai tog nog vasklou aan sy naam al is dit net in ‘n ander taal?

6. Waarom was Zakkai so seker van die feit dat hy Jesus beslis sal kan sien as hy net in die Wildevyeboom in die laan wat die Joodse Jerigo met die Herodiaanse Jerigo verbind, klim? (Daardie twee Jerigo's en die laan met die wildevy het destyds werklik bestaan.)
7. Hoe en wanneer is Zakkai se moeder dood? Waarom kon Jabin vir jare nie daaroor praat nie? Wat bring hom later daartoe om die storie aan Zakkai te vertel?
8. Saggeus en Karia gaan vir die laaste 3 dae van die 8-daagse Fees van die brode op aandrang van Jesus na Jerusalem. Daardie 3 dae was die werklike Pasga. As Saggeus-hulle na die Golgota-koppie opklim waar hy hoor dat Jesus sy Paasoffer daar bring, vra Saggeus of hulle Hom dalk nog daar kan gaan help met die slag van die Paaslam. Wat is die betekenisvolle antwoord wat Nikodemus vir hom gee? Wat beteken hierdie antwoord?
9. As Saggeus die aaklige verwonding van Jesus aan die kruis sien, vra hy verbitterd vir Nikodemus en sy pa: "Is dit liefde? Watter soort vader is dit wat sy seun so 'n aaklige gruweldood laat sterf en dit ter wille van ander?" Watter eenvoudige antwoord gee sy vader vir hom wat hom skielik die betekenis van Jesus se sterwe en offerdaad laat begryp?
10. Jesus sterf op dieselfde oomblik (tydens die gebedsuur om 3 uur die middag) as wat die Hoëpriester die rituele paaslam in die tempel keel afsny. Hy moet dan sê: "Dit is volbring." Op daardie oomblik sterf Jesus ook. Hy sê dieselfde woorde as die Hoëpriester, want hy is die ware Paaslam wie se offer nooit weer herhaal hoef te word nie. Presies watter taak is op daardie moment "volbring"?

11. Op dieselfde oomblik volg ook die aardbewing en die tempelvoorhangsel wat middeldeur skeur: Wat is die betekenis van hierdie “skeidingsmuur” tussen die Heilige en die Allerheiligste wat van bo na onder skeur? Waarom is die Hoëpriester so ontsteld daaroor, maar waarom sê Nikodemus “Hallelluja” toe hy hoor van die tempelvoorhangsel?
12. Die donker wolk wat die dag in “nag” laat verander, wyk toe Jesus sterf. Karia is die eerste om raak te sien dat die eerste ligstraal deur die pikdonker wolk, bokant Golgota deurbreek.. Wat is die simboliek hiervan in die drama?
13. Wat laat Zakkai aan die einde van die drama ook “Halleluja, (Prys die Heer)” sê en dit terwyl hy ontroerd help om die mishandelde liggaam van Jesus van die kruis af te haal? Watter troos bied dit ook aan ons wat met liggaams- of geestelike gebreke worstel, of wat besmet met sonde en skuldgevoelens deur die lewe gaan?